



FAKULTEIT REGSGELEERDHEID NAGRAADSE GRADE EN DIPLOMAS 2015



FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die Universiteit van die Vrystaat is geleë digby die Hoogste Hof van Appèl en is een van die oudste regs fakulteite in Suid-Afrika.

Die Fakulteit strewende daarna om deur voortreflike onderrig bekwame persone, wat beskik oor internasionaal erkende grade van besondere aansien, aan die professies te lewer.

Regsopvoeding maak die deur oop vir 'n wye verskeidenheid professies, onder andere die prokureursprofessie, die advokatuur, regsadviseurs, arbeidskonsultante, staatsaanklaers, landdroste, en die versekering- en bankbedryf.

Die Fakulteit doen navorsing wat internasionale aansien geniet, en is ook ten nouste betrokke by samelewingsdiens, waarby die UV Regskliniek en verskeie sentrums in die Fakulteit direk betrokke is.

Die Fakulteit geniet noue bande met buitelandse regskole en regs fakulteite, veral in Brittanje, Europa en die VSA.

Die Fakulteit spog ook met die Kowsie-Regsalumni, 'n vereniging van lojale oud-studente en die *Collegium Iurisprudentium*, 'n adviespaneel vir die Fakulteit.



VISIE

Die Fakulteit streef daarna om binne die breër verband van die UV se visie as 'n uitnemende billike en innoverende universiteit:

- ❑ Nasionaal en internasionaal voortdurend erkenning vir die gehalte van sy aktiwiteite en die prestasies van sy studente en sy personeellede te handhaaf en uit te bou.
- ❑ Deurlopend 'n nasionale en streekperspektief te handhaaf in sy werksaamhede.
- ❑ Binne eie konteks by te dra tot die heropbou en ontwikkeling van die hele gemeenskap.

MISSIE

Met die visie, missie en waardes van die UV as vertrekpunt, is die **missie** van die Fakulteit om geregtigheidsbewuste regs wetenskap te beoefen, te bevorder en te onderrig.

Studente Etiese Kode

Ek verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en ek onderneem om sy reg te handhaaf en sy regstelsel te onderhou en te bevorder.

Ek verbind my daartoe om al die reëls en regulasies van die Universiteit van die Vrystaat en die Fakulteit Regsgeleerdheid getrou na te kom.

Ek verbind my tot die handhawing van hoë morele en etiese standaarde.

Ek sal daarna streef dat my handelinge altyd in die openbare belang sal wees en ter bevordering van die goeie naam van die Universiteit en die Fakulteit.

Ek sal die waardigheid sowel as die professionele tradisie en kultuur van die regsprofessie in stand hou.

My optrede sal sodanig wees dat ek altyd as 'n geskikte en gepaste persoon beskou sal word om as 'n regspraktisyn toegelaat te word.

As toekomstige juris sal ek te alle tye onkreukbare eerlikheid aan die dag lê.

Ek sal 'n hoë standaard van integriteit handhaaf.

Ek sal objektief, onpartydig en billik optree.

Ek sal my werkvermoë tot sy volle potensiaal benut.

Ek onderwerp my aan die gedragskode van die Universiteit en die Fakulteit, en aan enige dissiplinêre maatreël indien ek te eniger tyd sou versuim om my ondernemings na te kom.

Nienakoming van die erekode kan stuiting in regstudies aan die Universiteit van die Vrystaat tot gevolg hê, of dat 'n gedragssertifikaat, benodig vir toelating tot die regsprofessies, geweier word.

Dosente Etiese Kode

Ek verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en ek onderneem om sy reg te handhaaf en sy regstelsel te onderhou en te bevorder.

Ek verbind my daartoe om al die reëls en regulasies van die Universiteit van die Vrystaat en die Fakulteit Regsgeleerdheid getrou na te kom.

Ek verbind my tot die handhawing van hoë morele en etiese standaarde.

Ek sal daarna streef dat my handelinge altyd in die openbare belang sal wees en ter bevordering van die goeie naam van die Universiteit en die Fakulteit.

Ek sal die waardigheid sowel as die professionele tradisie en kultuur van die regsprofessie in stand hou.

My optrede sal sodanig wees dat ek altyd as 'n geskikte en gepaste persoon beskou sal word om as 'n regspraktisyn toegelaat te kan word.

As juris sal ek te alle tye onkreukbare eerlikheid aan die dag lê.

Ek sal 'n hoë standaard van integriteit handhaaf.

Ek sal objektief, onpartydig en billik optree.

Ek sal my werkvermoë tot sy volle potensiaal benut.

Ek onderwerp my aan die gedragskode van die Universiteit en die Fakulteit, en aan enige dissiplinêre maatreël indien ek te eniger tyd sou versuim om my ondernemings na te kom.

ADRES

Alle korrespondensie aangaande akademiese aangeleenthede moet gerig word aan:

**Die Registrateur
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
BLOEMFONTEIN
9300**

**Telefoon: 051 401 9111
Faks: 051 401 2117**

Navrae met betrekking tot regstudies kan gerig word aan:

**Die Fakulteitsekretaris
Fakulteit Regsgeleerdheid
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
BLOEMFONTEIN
9300**

**Telefoon: 051 401 2451/401 9777/401 2735
Faks: 051 4012698
E-pos: duplessisa@ufs.ac.za**

INHOUD

ADRES.....	6
INHOUD.....	7
PERSONEEL.....	8
NAGRAADSE GRADE EN DIPLOMAS.....	19
DOKTORSGRADE	20
MAGISTERGRAAD.....	24
NAGRAADSE DIPLOMA IN ARBEIDSREG.....	71
NAGRAADSE DIPLOMA IN FINANSIËLE BEPLANNING	73
LYS VAN OU EN NUWE MODULE KODES.....	89

Dekaan

Prof CMA Nicholson [B Proc, LLB (Wits), LLM, LLD (Unisa), Dipl ADR (*cum laude*) (UP/AFSA), Prokureur en notaris publiek van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Visedekaan

Prof R-M Jansen [B Soc.Sc (Hons) (Verpl.), Blur, LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*) (UOVS), LLD (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

PERMANENTE AKADEMIESE PERSONEEL

(Akademiese Departementele Hoofde word met 'n asterisk aangedui*)

Handelsreg

Ereprofessor:

Prof BAK Rider [LLB (Honours) (Londen), PhD (Regte) (Londen), PhD (Regte) (Cantab), LLD (*Honoris Causa*) (Dickinson), LLD (*Honoris Causa*) (UV), Master of the Bench of the Inner Temple, Londen]

Senior professor:

Prof JJ Henning [B Jur, LLB, LLD (UOVS), MASSAf, HFSALS, Hon. Coif; Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Buitengewone professore:

Prof L de Koker [Blur, LLB, LLM (*cum laude*) (UOVS), LLM (Cantab), LLD (UOFS), Deakin University]

Prof JJ du Plessis [Blur, LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*), LLD (UOVS), Deakin University]

Sy Edele Appèlregter LTC Harms [BA (Regte) (*cum laude*), LLB (*cum laude*) (UP), Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Sy Edele Regter FR Malan [BA (Regte) (*cum laude*), LLB (*cum laude*), LLD (Pret), Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Haar Edele Regter BC Mocumie [Blur (Universiteit van Zoeloeland), LLB (NWU), LLM (UNISA), Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Vrystaat)]

Prof MB Ndulo [LLB (Zambië) LLM (Harvard), D Phil (Oxford), Advokaat van die Hoë Hof van Zambië]

Prof T van Wyk [BCom, LLB (Stell), LLM (SA), H Dip Tax (Witwatersrand), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Sy Edele Regter MJD Wallis [BCom, LLB (*cum laude*) (Natal), PhD (UKZN), Regter van die Hoogste Hof van Appèl]

Akademiese Departementele Hoof:

Prof E Snyman-van Deventer* [Blur, LLB, LLM, LLM, LLD (UOVS), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Permanente doserende personeel:

Mnr PS Brits [BCom (*cum laude*) (UOVS), BCom (Hons), LLB (*cum laude*) (Pret), LLM (Cantab), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mnr FQ Cilliers [LLB (*cum laude*), LLM (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me M Conradie [LLB, MA (Latyn) (*cum laude*), LLM (*cum laude*) (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me G du Toit [Blur, LLB, LLM (*cum laude*), Gevorderde Diploma in Rampbestuur (UV), Prokureur, Notaris en Transportbesorger van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me L Fourie [LLB (*cum laude*), LLM (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mev LM Jacobs [LLB (*summa cum laude*), LLM (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me L Makapela [LLB, LLM (UV)]

Dr HJ Moolman [BCom, Blur, LLB, LLM (UOVS), PhD (Hoëronderwysstudies) (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me BM Rametse [B Proc, LLB (UNIN), LLM, Sertifikaat in Alternatiewe Geskilbeslegting (*cum laude*) (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Dr DM Smit [Blur, LLB (UOVS), Diploma in Arbeidsreg (*cum laude*), Diploma in Openbare Betrekkinge (INTEC), LLM (Arbeidsreg) (*cum laude*), LLD (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mev A Strampe [BCom, LLB (*cum laude*), Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanningsreg, LLM (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Privaatreg

Ereprofessor:

Sy Edele Appèlregter JJF Hefer (SC) [BA, LLB (UOVS), LLM (*cum laude*) (UNISA), LLD (*Honoris Causa*) (UV), voormalige Waarnemende Hoofregter van die Republiek van Suid-Afrika]

Senior professor:

Prof J Neethling [BA, LLB (UOVS), LLM (McGill), LLD (UNISA)]

Buitengewone professore:

Sy Edele Appèlregter FDJ Brand (SC) [BA, LLB, LLM (*cum laude*) (US), LLD (*Honoris Causa*) (UV), Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Adv JY Claasen (SC) [BCom, LLB (UOVS), Drs Jur, Dr Jur (Leiden)]

Sy Edele Regter A Kruger (SC) [BA, LLB (US), Drs Jur (*cum laude*), Dr Jur (Leiden), Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Vrystaat)]

Haar Edele Appèlregter CH Lewis [BA, LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*) (Wits), Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Prof W van der Westhuizen [Blur, LLB (PU vir CHO), CTL (UNISA), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof CW van Wyk [BA (Stell), LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*), LLD (UNISA), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Sy Edele Regter DH van Zyl (SC) [BA, LLB, MA (Pret), Dr Jur (Leiden), PhD, LLD (UK), D Litt. (UOVS), Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Wes-Kaap)]

Akademiese Departementele Hoof:

Dr NJB Claassen* [Blur, LLB, LLM (*cum laude*) (UOVS), LLD (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Permanente doserende personeel:

Mnr JT Faber [B Proc, LLB, LLM (*cum laude*) (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof GH Fick [Blur, BCom, LLB (PU vir CHO), LLM, DCL (McGill), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mev JG Horn [B Proc, LLB, LLM (UOVS), MA (HOS) (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof R-M Jansen [B Soc.Sc (Hons) (Verpl.), Blur, LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*) (UOVS), LLD (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me AZT Mkhonza [LLB (UV), LLM (Wits), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mnr KL Mould [LLB, LLM, BA (Hons) (UV), Prokureur en Transportbesorger van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mev C Müller-Van der Westhuizen [LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*) (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof BS Smith [BCom (*cum laude*) (UOVS), LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*), LLD (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Publiekreg: Straf- en Geneeskundige Reg

Buitengewone professore:

Dr P van den Heever [Blur, LLB (UV), LLM (UK), LLD (UP), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika, Lid van die Kaapse Balie, Geakkrediteerde Sivele en Kommersiële Mediator (CD en ACDS)]

Akademiese Departementele Hoof:

Prof CF Swanepoel* [BA, LLB (US), LLM, LLD (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Permanente doserende personeel:

Dr R Botha [Blur, LLB, LLM (UOVS), LLD (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof HB Kruger [BA (Regte), LLB, LLM (UOVS), LLD (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof H Oosthuizen [Blur, LLB, LLD, LLD (UOVS), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof T Verschoor [Blur, LLB, LLD (Pret), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Publiekreg: Prosesreg en Bewysleer

Buitengewone professore:

Sy Edele Regter SPB Hancke (SC) [BCom, LLB (UOVS), HFSALS, Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Vrystaat)]

Prof RD Mawdsley [BA (Politieke Wetenskappe) (Augustana Kollege (IL), JD (Regte) (Illinois), MA, PhD (Opvoedkundige Administrasie) (Minnesota)]

Akademiese Departementele Hoof:

Prof CF Swanepoel* [BA, LLB (US), LLM, LLD (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Permanente doserende personeel:

Adv IJ Bezuidenhout [Blur (UOVS), LLB, LLM (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Dr JM Reyneke [BCom (Regte), LLB (PU vir CHO), LLM (*cum laude*) (UV), PhD (Tilburg), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Dr J-M Visser [B Sc, B Med Sc (Hons) (UV), M Sc Med Crim (UP), LLB (*cum laude*), LLD (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Publiekreg: Staatsreg en Regsfilosofie

Buitengewone professore:

Prof IT Benson [BA (Hons) (Engelse letterkunde) (Queens University), BA (Regte), MA (Cantab), LLB (Windsor), PhD (Wits)]

Prof YG Mokgoro [Blur, LLB, LLM (Bophuthatswana), LLM (Pennsylvania), Regter van die Konstitusionele Hof van Suid-Afrika]

Akademiese Departementele Hoof:

Prof CF Swanepoel* [BA, LLB (US), LLM, LLD (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Permanente doserende personeel:

Prof SA de Freitas [B Proc, LLB, LLM (*cum laude*), LLD (UV)]

Mev G du Plessis [LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*) (UV)]

Dr O Fuo [LLB (Hons) University of Buea (Cameroon), LLM (NWU), LLD (NWU)]

Mnr A Nell [LLB (*summa cum laude*), BA (Hons) (*summa cum laude*) LLM (*cum laude*) (UV)]

Prof JL Pretorius [BCom, LLB, BA (Hons) (*cum laude*), LLD (UOVS), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mnr C Vinti [Diploma in Bedryfseconomie en Handel (onderskeiding) (British College of Professional Management), LLB (*cum laude*) (UFH), LLM (UCT)]

Dekaanskantoor

Dr A du Plessis [B Proc (UOVS), LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*), LLD (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mev L van Niekerk [LLB, Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanningsreg, LLM, MA HOS (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Sentrum vir Ondernemingsreg

Prof JJ Henning (Hoof)
Dr A du Plessis
Prof E Snyman-van Deventer

Buitengewone hoogleraar:

Adv J Lubbe (SC) [Blur (UOVS), LLB (UNISA), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg

Adv SA Hyland (Direkteur)

Permanente doserende personeel:

Dr L Alsemgeest CFP® [BCom, BCom (Hons), M Com, PhD (UV)]

Adv SA Hyland CFP® [LLB, LLM (*cum laude*), Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning (UV), Nasionale Sertifikaat in Belegging-spesialisasie (AFM), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mev H Steyn CFP® [BCom, LLB (UV), Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning, Gevorderde Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning, Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Adv R van Zyl CFP® [LLB, Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning, LLM (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Permanente steundienspersoneel:

Mev JE Badenhorst – Assistentbeampte

Mev S Crous – Beampte

Mev JW de Jonge – Bode

Mev HJ Labuschagne – Assistentbeampte

Me J Leeuw – Assistentbeampte

Mev MJ Molete – Assistentbeampte

Sentrum vir Arbeidsreg

Prof JV du Plessis (Hoof)

Permanente steundienspersoneel:

Mev Y Pieters – Assistentbeampte

Me V Plaatjies – Assistentbeampte

UV Regskliniek

Adv IJ Bezuidenhout (Direkteur)

Permanente doserende personeel:

Adv IJ Bezuidenhout [Blur (UOVS), LLB, LLM (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

PERMANENTE STEUNDIENSPERSONEEL

Mnr JHP Erasmus – E-Leer

Mev H Grobler – Fakulteitsekretaris

Mev C König – Beampte: Finansies

Mev A Kotzé – Fakulteitsbestuurder

Mev A Lombard – Kantoorbestuurder: Dekaan

Mev C Nel – E-Leer

Mev A Pieters – Senior Assistentbeampte

Mev SAM Viljoen – Senior Administratiewe Assistent

Collegium Iurisprudentium

Inleiding

Die doel van die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Universiteit van die Vrystaat is om voortdurend die gehalte van sy aktiwiteite te verbeter. Daarom streef dié fakulteit daarna om oorvloedige geleenthede vir sy personeel en studente te verseker om sodoende op hoogte te bly van regsrae wat spruit uit die statutêre milieu en sosio-ekonomiese orde in Suid-Afrika wat deur voortdurende verandering gekenmerk word. Dit word bewerkstellig deur te put uit die kundigheid en ervaring van die buitengewone en ereprofessore wat almal diep spore in verskeie sferes van die regspraktyk getrap het, hetsy as akademië, praktisyns of regters.

Doel

Die ***Collegium Iurisprudentium*** is die eksterne adviespaneel van die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Universiteit van die Vrystaat. Die doel daarvan is om advies te gee oor die ontwikkeling van programme, modules of dissiplines. Dit sluit in nuwe programme, modules of dissiplines, asook die hersiening van bestaande programme, modules en dissiplines. Verder wil die adviespaneel verseker dat relevante bande gebou word met die gemeenskappe wat die kursuspotefeulje van die universiteit besiel. Die ***Collegium Iurisprudentium*** kan ook geleenthede vir plasinge in die bedryf, personeelkonsultasie en die ontwikkeling van toegepaste navorsing skep.

Samestelling

- ❑ Al die buitengewone en ereprofessore van die Fakulteit Regsgeleerdheid, asook die Dekaan: Regsgeleerdheid is *ex officio*-lede van die ***Collegium Iurisprudentium***.
- ❑ Voorsitter: 'n Buitengewone of ereprofessor van die fakulteit aangestel deur die Dekaan: Regsgeleerdheid na beraadslaging met die lede van die ***Collegium Iurisprudentium***.
- ❑ Sekretaris: Die Fakulteitsbestuurder van die Fakulteit Regsgeleerdheid.

Opdrag

Om advies aan die fakulteit te gee oor:

- ❑ alle aspekte rakende die gehalte van sy aktiwiteite;
- ❑ die kursusse en eenhede wat deur die fakulteit onderrig word, insluitende die ontwikkeling van nuwe kursusse of eenhede;
- ❑ onderrig en leer, insluitende onderrig en leer deur van aanlyn-, afstandsonderrig of buigbare leweringsmetodes gebruik te maak;
- ❑ die vaardighede, kennis en houdings wat verlang word deur die werkgewers van gegradueerdes wat die fakulteit se kursusse of eenhede voltooi het;
- ❑ navorsing, insluitende geleenthede om navorsingsbefondsing te verkry;
- ❑ die ontwikkeling van die dissiplines wat in die fakulteit aangebied word;
- ❑ professionele bande met en plasings in die bedryf;
- ❑ konsultasiegeleenthede; en
- ❑ enige ander sake wat die Dekaan: Regsgeleerdheid as toepaslik beskou.

President

Sy Edele Appèlregter JJF Hefer (SC) [BA, LLB (UOVS), LLM (*cum laude*) (UNISA), LLD (*Honoris Causa*) (UV), voormalige Waarnemende Hoofregter van die Republiek van Suid-Afrika]

Lede

Handelsreg

Ereprofessor:

Prof BAK Rider [LLB (Honours) (Londen), PhD (Regte) (Londen), PhD (Regte) (Cantab), LLD (*Honoris Causa*) (Dickinson), LLD (*Honoris Causa*) (UV), Master of the Bench of the Inner Temple, Londen]

Buitengewone professore:

Prof L de Koker [Blur, LLB, LLM (*cum laude*) (UOVS), LLM (Cantab), LLD (UOFS), Deakin University]

Prof JJ du Plessis [Blur, LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*), LLD (UOVS), Deakin University]

Sy Edele Appèlregter LTC Harms [BA (Regte) (*cum laude*), LLB (*cum laude*) (UP), Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Sy Edele Regter FR Malan [BA (Regte) (*cum laude*), LLB (*cum laude*), LLD (Pret), Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Haar Edele Regter BC Mocumie [Blur (Universiteit van Zoeloeland), LLB (NWU), LLM (UNISA), Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Vrystaat)]

Prof MB Ndulo [LLB (Zambië) LLM (Harvard), D Phil (Oxford), Advokaat van die Hoë Hof van Zambië]

Prof T van Wyk [BCom, LLB (Stell), LLM (SA), H Dip Tax (Witwatersrand), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Sy Edele Regter MJD Wallis [BCom, LLB (*cum laude*) (Natal), PhD (UKZN), Regter van die Hoogste Hof van Appèl]

Senior professor:

Prof JJ Henning [B Jur, LLB, LLD (UOVS), MASSAf, HFSALS, Hon. Coif; Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Privaatreg

Ereprofessor:

Sy Edele Appèlregter JJF Hefer (SC) [BA, LLB (UOVS), LLM (*cum laude*) (UNISA), LLD (*Honoris Causa*) (UV), voormalige Waarnemende Hoofregter van die Republiek van Suid-Afrika]

Buitengewone professore:

Sy Edele Appèlregter FDJ Brand (SC) [BA, LLB, LLM (*cum laude*) (US), LLD (*Honoris Causa*) (UV), Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Adv JY Claasen (SC) [BCom, LLB (UOVS), Drs Jur, Dr Jur (Leiden)]

Sy Edele Regter A Kruger (SC) [BA, LLB (US), Drs Jur (*cum laude*), Dr Jur (Leiden), Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Vrystaat)]

Haar Edele Appèlregter CH Lewis [BA, LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*) (Wits), Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Prof W van der Westhuizen [Blur, LLB (PU vir CHO), CTL (UNISA), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof CW van Wyk [BA (Stell), LLB (*cum laude*), LLM (*cum laude*), LLD (UNISA), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Sy Edele Regter DH van Zyl (SC) [BA, LLB, MA (Pret), Dr Jur (Leiden), PhD, LLD (UK), D Litt. (UOVS), Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Wes-Kaap)]

Senior professor:

Prof J Neethling [BA, LLB (UOVS), LLM (McGill), LLD (UNISA)]

Publiekreg: Straf- en Geneeskundige Reg

Buitengewone professore:

Dr P van den Heever [Blur, LLB (UV), LLM (UK), LLD (UP), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika, Lid van die Kaapse Balie, Geakkrediteerde Siviele en Kommersiële Mediator (CD en ACDS)]

Publiekreg: Prosesreg en Bewysleer

Buitengewone professore:

Sy Edele Regter SPB Hancke (SC) [BCom, LLB (UOVS), HFSALS, Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Vrystaat)]

Prof RD Mawdsley [BA (Politieke Wetenskappe) (Augustana Kollege (IL), JD (Regte) (Illinois), MA, PhD (Opvoedkundige Administrasie) (Minnesota)]

Publiekreg: Staatsreg en Regsfilosofie

Buitengewone professore:

Prof IT Benson [BA (Hons) (Engelse letterkunde) (Queens University), BA (Regte), MA (Cantab), LLB (Windsor), PhD (Wits)]

Prof YG Mokgoro [Blur, LLB, LLM (Bophuthatswana), LLM (Pennsylvania), Regter van die Konstitusionele Hof van Suid-Afrika]

Sentrum vir Ondernemingsreg

Buitengewone professore:

Adv J Lubbe (SC) [Blur (UOVS), LLB (UNISA), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

NAGRAADSE GRADE EN DIPLOMAS

Benewens grade en diplomas wat die Universiteit in die toekoms mag instel, kan die volgende nagraadse grade en diplomas in die Fakulteit Regsgeleerdheid verwerf word:

Graad	Minimum periode van studie	Afkorting	Studie kode
Doctor Legum	2 jaar	LLD	3900
Doctor Philosophiae	2 jaar	PhD	3901
Magister Legum: Verhandeling Gestruktureerd	1 jaar	LLM	3701 3702- 3722
Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning	1 jaar	NDip (Finansiële Beplanning)	3200
Gevorderde Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning	1 jaar	Gev NDip (Finansiële Beplanning)	3201
Nagraadse Diploma in Arbeidsreg	1 jaar	NDip (Arbeidsreg)	3202

DOKTORSGRADE

Die volgende doktorsgrade word in die Fakulteit Regsgeleerdheid toegeken:

Graad	Minimum periode van studie	Afkorting	Studie kode
Doctor Legum	2 jaar	LLD	3900
Doctor Philosophiae	2 jaar	PhD	3901

Reël E13 DOCTOR LEGUM EN DOCTOR PHILOSOPHIAE

Die LLD- en PhD-gegradueerde sal beskik oor:

- Deskundige en gevorderde kennis van 'n gebied van die reg;
- 'n In-diepte begrip van die kompleksiteit van die betrokke probleme en bewussyn van die nuutste ontwikkelinge op die globale navorsingstoneel.

Die LLD- en PhD-gegradueerde sal in staat wees om:

- Onafhanklike en oorspronklike navorsing op die gebied van die reg te kan doen;
- 'n Tesis te kan voltooi wat die navorsing binne die breër navorsingskonteks plaas en internasionale intellektuele ondersoek kan weerstaan;
- 'n Bydrae te lewer tot oorspronklike kennis op die navorsingsgebied en verdere navorsing op 'n gevorderde vlak te kan doen;
- Kompleksiteit en/of teenstrydighede in die kennisbasis te kan hanteer; en met vertroue gepaste middele en navorsingsmetodes te kan selekteer;
- Outonoom informasie te kan sintetiseer en evalueer;
- Begronde evaluasies op die basis van onafhanklik gegenereerde kriteria te kan maak;
- Met ander kollegas in relevante gebiede ten volle en professioneel te kan kommunikeer;
- Regsprobleme te kan verstaan en gepaste oplossings te kan voorsien;
- Navorsingsresultate in geakkrediteerde tydskrifte te kan

- publiseer;
 - Navorsingsresultate by vak-spesifieke kongresse te kan voorlê;
 - Nuwe kennis op die gebied van die reg te kan toepas.
- Die LLD- en PhD-gegradueerde sal die volgende demonstreer:
- Volwasse en gesonde oordeel, verantwoordbaarheid en betroubare beoordeling van die opvattinge van ander;
 - Transendering van persoonlike vooroordeel en/of parogiale sienings;
 - Hoë vlakke van kritiese self-ondervraging en aanpasbaarheid;
 - 'n Ondersoekende en innoverende gees;
 - Nakoming van professionele en self-gedefinieerde etiek, akademiese integriteit, en
 - Toewyding aan die ideale van vakkundigheid.

REËLS

Die Algemene Reëls van die UV ten opsigte van Doktorsgrade is *mutatis mutandis* van toepassing op die LLD en PhD in hierdie fakulteit.

Reël E13.1 Toelating

(a) Onderhewig aan Reël A102.1, moet 'n kandidaat om tot die LLD of die PhD toegelaat te word, oor 'n LLM beskik en 'n finale punt van minstens 65 persent behaal het.

(b) Alvorens daar 'n titelregistrasie kan plaasvind, moet 'n LLD- of PhD-kandidaat, in die eerste jaar van registrasie, eerstens 'n navorsingsvoorstel in die voorgeskrewe formaat voltooi en aan sy/haar promotor voorlê; en tweedens moet 'n verdediging van die titel en navorsingsvoorstel plaasvind, waarby die kandidaat, promotor en 'n paneel saamgestel uit twee eksterne deskundiges, die akademiese departementshoof, sowel as die Voorsitter van die Navorsingskomitee van die Fakulteit Regsgeleerdheid (of sy/haar verteenwoordiger) teenwoordig is. Na 'n suksesvolle verdediging moet die titelregistrasie en navorsingsvoorstel via die Fakulteitskomitee na die

Fakulteitsraad vir goedkeuring verwys word.

(c) Indien 'n kandidaat nie die tesis vir die LLD of PhD binne die voorgeskrewe twee jaar voltooi nie, kan sodanige kandidaat slegs toegelaat word om te herregistreer indien aan die vereistes van reël A102.3 voldoen is.

Reël E13.2 Tesis

'n Tesis vir die LLD en PhD moet handel oor 'n onderwerp uit die regs wetenskap wat deur die Fakulteitsraad goedgekeur is. In die geval van die PhD, moet die tesis nie 80 000 woorde oorskry nie.

Reël E13.3 Assessering

Geen punt word vir die verdediging van die titel en navorsingsvoorstel, sowel as die LLD- of PhD-tesis toegeken nie. Die assessore moet slegs aandui of die kandidaat slaag of nie.

KURRIKULUMS: LLD

E13.4 HANDELSREG

'n Tesis en verdediging (kode LMLD 9100)

E13.5 PRIVAATREG

'n Tesis en verdediging (kode LPRD 9100)

E13.6 STRAF- EN GENEESKUNDIGE REG

'n Tesis en verdediging (kode LCRD 9100)

E13.7 ROMEINSE REG EN REGSGESKIEDENIS

'n Tesis en verdediging (kode LRRD 9100)

E13.8 STAATSREG EN REGSFILOSOFIE

'n Tesis en verdediging (kode LCOD 9100)

E13.9 PROSES- EN BEWYSREG

'n Tesis en verdediging (kode LPED 9100)

KURRIKULUMS: PhD

E13.10 HANDELSREG

'n Tesis en verdediging (kode LMEP 9100)

E13.11 PRIVAATREG

'n Tesis en verdediging (kode LPRP 9100)

E13.12 STRAF- EN GENEESKUNDIGE REG

'n Tesis en verdediging (kode LCRP 9100)

E13.13 ROMEINSE REG EN REGSGESKIEDENIS

'n Tesis en verdediging (kode LRLP 9100)

E13.14 STAATSREG EN REGSFILOSOFIE

'n Tesis en verdediging (kode LCOP 9100)

E13.15 PROSES- EN BEWYSREG

'n Tesis en verdediging (kode LPEP 9100)

Die volgende magistergrade word in die Fakulteit
Regsgeleerdheid toegeken:

Magister Legum	Minimum periode van studie	Afkorting	Studie kode
Meestergraad met verhandeling	1 jaar	LLM	3701
Meestersgraad met kursuswerk en mini- verhandeling	1 jaar	LLM	3702
Meestersgraad met kursuswerk en mini- verhandeling in Administratiefreg	1 jaar	LLM	3706
Meestersgraad met kursuswerk en mini- verhandeling in Finansiële Beplanningsreg	1 jaar	LLM	3708
Meestersgraad met kursuswerk en mini- verhandeling in Ondernemingsreg	1 jaar	LLM	3710
Meestersgraad met kursuswerk en mini- verhandeling in Arbeidsreg	1 jaar	LLM	3712
Meestersgraad met kursuswerk en mini- verhandeling in Internasionale Ekonomiese Reg	1 jaar	LLM	3714
Meestersgraad met kursuswerk en mini- verhandeling in Regsleer	1 jaar	LLM	3716
Meestersgraad met kursuswerk en mini- verhandeling in Privaatreg	1 jaar	LLM	3718
Meestersgraad met	1 jaar	LLM	3719

kursuswerk en mini-verhandeling in Straf- en Geneeskundige Reg			
Meestersgraad met kursuswerk en mini-verhandeling in Omgewingsreg	1 jaar	LLM	3722

Reël E12 MAGISTER LEGUM

Die LLM-gegradueerde sal beskik oor:

- 'n Gevorderde teoretiese en intellektuele vermoë om op 'n hoë vlak te skakel en op regspraktik toe te pas.

Die LLM-gegradueerde sal in staat wees om:

- Aan 'n hoë vlak teoreties-intellektuele interaksie deel te neem en in die regspraktik toe te pas, wat navorsingsvermoë insluit;
- Tot 'n gevorderde en gespesialiseerde professionele beroep in 'n kennisgedrewe, navorsings-georiënteerde regswetenskaplike konteks toe te tree;
- Regsteorie en -praktik krities te beskou;
- Navorsingsaktiwiteite te besig wat bydra tot die ontwikkeling van kennis van 'n gevorderde aard en 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van regswetenskap.

Die LLM-gegradueerde sal in staat wees om:

- 'n Mini-verhandeling te voltooi wat minstens 'n bedrewe samestelling en analise van relevante materiaal oor 'n navorsingsonderwerp van beperkte omvang daarstel wat bevredigend ten opsigte van styl en aanbieding is en die inligting op 'n samehangende en logiese wyse organiseer en saamstel;
- Huidige regsnavorsing of -praktik kan bespreek en kritiseer en gevorderde vakkundigheid of navorsingsvermoë in 'n spesifieke dissipline of praktik in die reg te demonstreer;
- Gevorderde kundigheid gegrond op 'n vak in 'n bepaalde regsdissipline kan evalueer en toepas;
- Gepaste metodes, tegnieke, prosesse, stelsels of tegnologieë kan ontwerp, kies en regverdig en om dit op komplekse praktiese en teoretiese regsvrae toe te pas;
- 'n Strategie te ontwerp en te implementeer waarmee inligting op

die gebied van die reg krities ondersoek, verwerk, geanaliseer en bestuur kan word ten einde betekenisvolle gevolgtrekkings te maak;

- Akademiese en professionele diskoers te gebruik om inligting op regsgebied op 'n gepaste wyse te kommunikeer;
- Onafhanklik te werk en verantwoordelikheid vir eie werk te neem;
- Hulle kennis in oorspronklike professionele en beroepskontekste kan toepas en die potensiaal van alternatiewe gevolgtrekkings vir spesifieke gevalle kan verwesenlik; en
- Etiese regsadministrasie te bevorder.

REËLS

Die Algemene Reëls van die UV ten opsigte van die Magistergrade is *mutatis mutandis* van toepassing op die LLM in hierdie fakulteit.

Reël E12.1 Toelating

- (a) Om tot die LLM graadstudie toegelaat te word, moes 'n kandidaat, onderworpe aan Reël A72.1, die LL.B. graad of ekwivalente vier jaar regsgraad behaal het en ten minste 60 persent gemiddeld in die voorgraadse program behaal het.
- (b) Buitelandse student moet 'n toepaslike of voorgeskrewe UV taalvaardigheidstoets of die ekwivalent daarvan suksesvol met 'n punt van minstens 65% slaag, behalwe waar die student die vier jaar regsgraad in Engels voltooi het. Toelating tot enige modules kan slegs met die goedkeuring van die betrokke departement geskied.
- (c) Om die LLM studie voort te sit, moet die kandidaat binne die eerste jaar van registrasie aan die volgende vereistes voldoen:
 - (i) die voorgeskrewe module in Regsnavorsingsmetodologie (LNAV7910) gedurende die eerste semester bevredigend bygewoon het, en
 - (ii) kandidate in die LLM (Meestersgraad met verhandeling) program moet, voordat die module NAV714 voltooi is, 'n volledige leeslys en 'n navorsingsvoorstel van agt tot twaalf getikte bladsye aan die studieleier voorlê. Binne een maand nadat LNAV7910 voltooi is, moet 'n verdediging van die titel, die leeslys en

navorsingsvoorstel plaasvind waarby die kandidaat, studieleier, eksterne kundige/s asook die Direkteur: Navorsing van die Fakulteit Regsgeleerdheid teenwoordig moet wees. Na 'n suksesvolle verdediging, word die titel en die navorsingsvoorstel via die Fakulteitskomitee na die Fakulteitsraad verwys vir goedkeuring.

- (iii) kandidate in die LLM (Meestersgraad met kursuswerk en mini-verhandeling) program moet, binne 'n maand na voltooiing van LNAV7910, 'n navorsingsonderwerp aan die departement en Fakulteitskomitee voorlê vir goedkeuring. 'n Kandidaat moet aan die begin van die akademiese jaar, 'n samestelling van sy/haar kurrikulum, uit die onderstaande modules, aan die departement en die Fakulteitskomitee voorlê vir goedkeuring.
- (d) Kandidate wat nie oor 'n vier jaar regsgraad beskik nie, kan tot die LLM in Arbeidsreg toegelaat word indien die kandidaat die Nagraadse Diploma in Arbeidsreg met 'n gemiddeld van ten minste 60 persent geslaag het, minstens tien jaar ondervinding in middelvlakbestuur het en 'n tien tot vyftien bladsye opstel oor 'n onderwerp uit die Arbeidsreg slaag welke opstel ekstern geassesseer word. Die kandidaat word slegs toegelaat indien die Erkenning van Vorige Leer-proses voltooi is.

Nr	Studie kode	Program-benaming	Navorsingsmod ule	Modules
LLM (Meestersgraad met verhandeling) ingevolge Reël E12.5(a)				
1	3701	LLM (Meestersgraad met verhandeling)	LMER8900; of LPRV8900; of LCRM8900; of LPEV8900; of LCON8900	Geen
LLM (Meestersgraad met kursuswerk en mini-verhandeling) ingevolge Reël E12.5(b)				
2	3702	LLM (Meestersgraad met kursuswerk en mini-verhandeling)	Mini-verhandeling in een van die volgende: LFPL7900; of LMER7900; of LBUE7900 of	Enige drie na keuse uit lys onder Reël E12.7 KURRIKULUMS (Studiekode: 3702-3717)

			LLAB7900 LIEL7900; LINR7900; LHUM7900; LPVT7900; LJUR7900; LCRM7900; LPEV7900; LCON7900; LENV7900	of of of of of of of of of of	
3	3706	LLM (Administratief- reg)	LADR7900		LADF7900; LADH7900; LADT7900; LADI7900 of
4	3708	LLM (Finansiële Beplanningsreg)	LFPL7900		LPRM7900, LFPR7900; LFEP7900; LPRT7900; LPRV7920; LPRE7920 of
5	3710	LLM (Ondernemings- reg)	LBUE7900		LPSN7910, LCCS7910; LMCT7920; LCOM7900; LGOV7900; LMBC7920 of
6	3712	LLM (Arbeidsreg)	LLAB7900		LLDE7910; LLCO7910; LLDS7920; LLPE7920; LLRL7920 of
7	3714	LLM (Internasionale Ekonomiese Reg)	LIEL7900		LIPL7910; LIFT7920; LIIL7910; LISL7920; LITD7920 of
8	3718	LLM (Privaatreg)	LPVT7900		LPRT7900; LPRV7920; LPRE7920; LPRC7920; LPDD7910; LPPL7910 of
9	3719	LLM (Straf- en	LCRM7900		LCRS7900;

		Geneeskundige Reg)		LCRI7900; LMBC7920; LPEJ7920; LPES7900	of
10	3722	LLM (Omgewingsreg)	LENV7900	LENE7920; LENI7910; LINM7910	en

Reël E.12.2 Voortsetting en hertoelating

(a) Daar word, oor die algemeen, van studente wat tot die nagraadse programme toegelaat is, verwag om al die modules waarvoor hulle in 'n gegewe studiejaar geregistreer het, te slaag. Tensy 'n student ten minste 75 persent van die modules wat in 'n akademiese jaar vereis word, slaag, word hy/sy normaalweg nie toegelaat om met die program voort te gaan nie.

(b) Indien 'n student na die minimum tydperk van studie (een jaar) nog nie die Meestersgraad behaal het nie, kan hy/sy die studie alleenlik op grond van akademiese vordering ingevolge Algemene Reël A72.2 en A72.3 voortsit.

Reël E.12.3 Toelating tot die eksamen

Vir toelating tot die eksamen in 'n module in die Meestersgraad met kursuswerk en mini-verhandeling, word 'n modulesyfer van minstens 50 persent vereis. 'n Modulesyfer is die resultaat van die deurlopende en eindassessering wat gedesentraliseerd geskied tydens die moduletermyn en word in die modulehandleiding, of addendum tot die modulehandleiding uiteengesit.

Die slaagsyfer vir elke individuele vraestel is 50 Persent. Indien die departementele voorsitter toestemming verleen, kan 'n vraestel mondeling afgeneem word.

Reël E12.4 Slaagvereiste en slaag met lof (Kyk Algemene Reël A83.7.2, A83.7.3 en A84)

**(a) Slaagvereistes, slaag met onderskeiding:
Meestersgraad met kursuswerk en mini-verhandeling**
Raadpleeg Algemene Reël A83.7.2 en A84

(b) Slaagvereistes en slaag met lof: Meestersgraad met Verhandelning

Raadpleeg Algemene Reël A83.7.3 en A84.

Reël E12.5 Aanbieding

Vir die verwerwing van die LLM graad bestaan die volgende moontlikhede:

(a) LLM (Meestersgraad met Verhandelning) (240 Krediete)

Die kurrikulum bestaan uit 'n verhandelning van beperkte omvang van tussen 40 000 en 50 000 woorde wat handel oor 'n onderwerp uit die regswetenskap, goedgekeur deur die Fakulteitsraad.

(b) LLM (Meestersgraad met kursuswerk en mini-verhandelning) (240 Krediete)

(i) Die kurrikulum bestaan uit 'n voorgeskrewe gevorderde studieprogram.

(ii) Assessering van die voorgeskrewe studieprogram bestaan uit:
(3 modules – 37 krediete elk)

(a) minstens 'n drie uur vraestel in elkeen van die drie modules;

(b) 'n mini-verhandelning van hoogstens 25 000 woorde van publiseerbare gehalte. **(129 krediete)**

Reël E12.6 KURRIKULUMS (Studiekode 3701)

(a) HANDELSREG

'n Verhandelning (kode LMER8900)

(b) PRIVAATREG

'n Verhandelning (kode LPRV8900)

(c) PUBLIEKREG: STRAF- EN GENEESKUNDIGE REG

'n Verhandelning (kode LCRM8900)

(d) PUBLIEKREG: STAATSREG EN REGSFILOSOFIE

'n Verhandelning (kode LCON8900)

(e) PUBLIEKREG: PROSES- EN BEWYSREG

'n Verhandelning (kode LPEV8900)

Reël E12.7 KURRIKULUMS (Studiekode 3702-3722)

Modules wat aangebied word en waaruit die gevorderde studieprogram saamgestel mag word, is:

Kode	Modulenaam	Jaar of semester	Kredite
LADF7900	Grondslae en Beginsels van Prosedurele Administratiefreg en Geregtigheid	Jaar	37
LADT7900	Teorie en Praktyk van Administratiewe Geregtigheid ingevolge die 1996-Grondwet	Jaar	37
LADI7900	Internasionale Vergelykende Administratiefreg	Jaar	37
LADH7900	Administratiefregtelike Hervorming	Jaar	37
LADR7900	Administratiefreg (Mini-verhandeling)	Jaar	129
LPRM7900	Werknemersvoordele I: Fondsbestuur en Instandhouding	Jaar	37
LFPB7900	Werknemersvoordele II: Fondsontwerp en Finansiering	Jaar	37
LFPR7900	Persoonlike Risikobestuur	Jaar	37
LFPA7900	Bate tipes en Beleggingsinstrumente	Jaar	37
LFPP7900	Beginsels van Portefeuljebeplanning en Bestuur	Jaar	37
LFEP7900	Boedelbeplanning	Jaar	37
LFPL7900	Finansiële Beplanningsreg (Mini-verhandeling)	Jaar	129
LPSN7910	Vennootskapsreg	1e semester	37
LCCS7910	Beslote Korporasiereg	1e semester	37
LMCT7920	Korporatiewe Insolvensie	Jaar	37
LLDE7910	Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Arbeidsreg en Individuele Arbeidsreg	1e semester	37
LLCO7910	Kollektiewe Arbeidsreg en Nywerheidsdemokrasie	1e semester	37
LCOM7900	Maatskappyreg	Jaar	37
LGOV7900	Korporatiewe Beheer	Jaar	37
LLDS7920	Diskriminasie en Arbeidsgeskilbeslegting	2e semester	37
LLPE7920	Beskerming van werknemers mbt werk- en bestaansveiligheid	2e semester	37

LLRL7920	Aftreevoorsieningsreg	2e semester	37
LMBC7920	Handelsmisdaad	2e semester	37
LMTI7920	Internasionale Belasting	2e semester	37
LMTE7910	Boedelbelasting	1e semester	37
LMER7900	Handelsreg (Mini-verhandeling)	Jaar	129
LBUE7900	Ondernemingsreg (Mini-verhandeling)	Jaar	129
LLAB7900	Arbeidsreg (Mini-verhandeling)	Jaar	129
LIPL7910	Internasionale Publiekregtelike aspekte van Internasionale Ekonomiese Reg	1e semester	37
LIFT7920	Vrye Handel en Vrye Handelsooreenkomste	2de semester	37
LIIL7910	Internasionale Beleggingsreg	1e semester	37
LISL7920	Internasionale Koopreg	2de semester	37
LITD7920	Internasionale Handelsgeskilbeslegting	2de semester	37
LIEL7900	Internasionale Ekonomiese Reg (Mini-verhandeling)	Jaar	129
LINT7920	Internasionale Reg	2de semester	37
LINN7920	Internasionale Reg	2de semester	37
LINH7920	Internasionale Humanitêre Reg	2de semester	37
LINR7900	Internasionale Reg (Mini-verhandeling)	Jaar	129
LHUE7900	Aspekte van Gelykheid	1e semester	37
LHUA7910	Gevorderde studie in fundamentele regte: sosiale en ekonomiese regte	1e semester	37
LHUC7920	Gevorderde studie in fundamentele regte: burgerlike en politieke regte	2de semester	37
LHUM7900	Menseregte (Mini-verhandeling)	2de semester	129
LNAV7910	Regsnavorsingsmetodologie	1e semester	
LENE7920	Omgewingsreg	2de semester	37
LENI7910	Internasionale en nasionale maatreëls	1e	37

	vir die beskerming van die omgewing	Semester	
LENM7910	Nasionale Mynreg	1e semester	37
LENV7900	Omgewingsreg (Mini-verhandeling)	Jaar	129
LPRT7900	Trustreg	Jaar	37
LPRV7920	Erfreg	2de semester	37
LPRE7920	Boedelbeplanningsreg	2de semester	37
LPFL7900	Gevorderde Familiereg	Jaar	37
LPRC7920	Kontraktereg	2de semester	37
LPRD7920	Deliktereg	2de semester	37
LPRP7920	Personereg	2de semester	37
LPDD7910	Skadevergoedingsreg	1e semester	37
LPPL7910	Sakereg	1e semester	37
LPVT7900	Privaatreg (Mini-verhandeling)	Jaar	129
LSLP7910	Regscool: Vrystaat	1e of 2de semester	37
LCRS7900	Capita selecta uit die Strafrege	Jaar	37
LCRI7900	Capita selecta uit Medicina Forensis	Jaar	37
LCRM7900	Straf- en Geneeskundige Reg (Mini-verhandeling)	Jaar	129
LPES7920	Bewysreg	2e Semester	37
LPEJ7920	Internasionale Strafrege en Geregtigheid	2e Semester	37
LPEV7900	Prosesreg en Bewysleer (Mini-verhandeling)	Jaar	129
LJUJ7900	Regsleer en Geregtigheid	Jaar	37
LJUE7900	Ideologie en Regsleer	Jaar	37
LJUR7900	Regsleer (Mini-verhandeling)	Jaar	129
LCON7900	Staatsreg (Mini-verhandeling)	Jaar	129
LINS7920	Bronne en Teorie van Internasionale Publiekreg	2e semester	37
LINI7920	Capita Selecta uit Moderne Filosofiese Benaderinge tot die Internasionale Strafrege	2e semester	37

Die Fakulteit Regsgeleerdheid behou die reg voor dat 'n spesifieke module nie noodwendig in 'n gegewe jaar aangebied sal word nie.

SILLABUSSE

Besonderhede met betrekking tot die sillabusse wat onder ander fakulteite ressorteer is verkrygbaar in die betrokke fakulteit se jaarboek.

Reël E12.8 Sillabusse en modules

Die inhoud van die sillabusse vir modules is, waar van toepassing, in ooreenstemming met die minimumvereistes van die Raad vir die Erkenning van Regseksamens.

Die sillabusse wat in die verskeie departemente in die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied word, is soos volg:

LNAV7920 Regsnavorsingsmetodologie

Verpligtend vir alle LL.M studente!

Leeruitkomste:

Die student moet in staat wees om:

- i) Verskillende regsnavorsingstegnieke en -metodes te kan verduidelik en gebruik.
- ii) Die teoretiese raamwerk en kernbegrippe van regsnavorsing te kan verduidelik.
- iii) Die proses van regsnavorsing en -skryf te verstaan.
- iv) 'n Navorsingsvoorstel te kan skryf.

LNAV7910 (Navorsingsmetodologie) word aangebied elke Vrydagaand in Maart en April. Bywoning van NAV 714 is verpligtend vir alle LLM studente.

DEPARTEMENT HANDELSREG

Die Departement Handelsreg behou die reg voor om die samestelling, inhoud en studiemateriaal te verander (met goedkeuring van die Fakulteitskomitee) na gelang van die behoeftes van studente, die aantal studente en die beskikbaarheid van goed toegeruste fasiliteite. Nie al die genoemde *capita selecta* sal noodwendig in 'n gegewe jaar aangebied word nie. Die departement behou hom die reg voor om dit na omstandighede in oorleg met die Fakulteitsraad te verander.

LMER8900 (Meestersgraad met Verhandeling)

Die onderwerp en die titel van die verhandeling is die student se keuse, in oorleg met die betrokke studieleier van die relevante departement en goedgekeur deur die Fakulteitsraad.

LPSN7910 Vennootskapsreg

Leeruitkomst:

Die student maak 'n gevorderde studie van die basiese beginsels van die Vennootskapsreg om 'n goeie wetenskaplike agtergrond en gevorderde insig op te bou vir toekomstige toepassing van die beginsels en 'n gevorderde en geïntegreerde teoretiese en praktiese kennis van, en insig in die Vennootskapsreg as geheel te verkry. Die program bied verder perspektief op die regswetenskap as geheel, byvoorbeeld oor die toepassing van die beginsels van kontraktuele en deliktuele verbintenisse, verteenwoordiging ens., binne vennootskapsregtelike verband.

Geïntegreerde kennis:

- i) Algemene beskrywing, historiese en vergelykende agtergrond, bronne en omskrywing van 'n vennootskap.
- ii) Spesifieke soorte en tipes vennootskappe.
- iii) Totstandkoming, *essentialia* en *naturalia* van 'n vennootskap.
- iv) Regsaard van 'n vennootskap: entiteits- en versamelingsteorie.
- v) Vennootskapseiendom.
- vi) Verhouding tussen die vennote *inter se*.
- vii) Verhouding tussen die vennote en derde partye.
- viii) Ontbinding, likwidasie en distribusie van bates.

- ix) Sekwestrasie.
- x) Regsvergelykende studie oor vennootskapsreg.

LMCT7920 Korporatiewe Insolvensiereg

Leeruitkomst:

Die student moet in staat wees om:

- i) Regsprobleme te kan identifiseer en op te los deur middel van kritiese en kreatiewe denke.
- ii) Persoonlike en professionele aktiwiteite op 'n verantwoordelike, etiese en effektiewe wyse te benader en te bestudeer.
- iii) Effektiewe regsnavorsing te doen deur middel van insameling van data, analise en kritiese evaluering van inligting.
- iv) Die reg te beskou as 'n komponent van 'n interafhanklike sisteem in die gemeenskap, waar probleemoplossing nie in isolasie kan voorkom nie.

Geïntegreerde kennis:

Na voltooiing van die module, sal die student in staat wees om:

- i) Die proses van korporatiewe insolvensie en reddingskemas vanuit 'n nasionale en vergelykende perspektief te analiseer en evalueer.
- ii) Die beginsels rakende korporatiewe insolvensies te verstaan en kan implementeer.
- iii) Internasionale inisiatiewe krities te analiseer en te evalueer en om die internasionale proses en beginsels rakende korporatiewe insolvensies te kontroleer.
- iv) Die likwidasiëgronde te kan uiteensit en te verduidelik.
- v) Die beginsels ten opsigte van korporatiewe redding te verduidelik.

LLDE7910 Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Arbeidsreg en die Individuele Arbeidsreg

Leeruitkomst:

Die student moet in staat wees om die aard, herkoms en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Arbeidsreg te verstaan en om 'n goeie wetenskaplike agtergrond op te bou en gevorderde insig te openbaar en te kan toepas oor die individuele Arbeidsreg in Suid-Afrika.

